**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

**Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne 'n veilige en gesonde omgewing. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.**

**Bergrivier Munisipaliteit, met sy hoofkantoor te Piketberg en ongeveer 1 uur vanaf Kaapstad, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen.**

## HER-ADVERTEER - VAKATURE

**INTERNE & EKSTERNE AANSOEKE SAL OORWEEG WORD**

**WETSTOEPASSINGSBEAMPTE (PORTERVILLE X1 & VELDDRIF X1)**
**DIREKTORAAT: GEMEENSKAPSDIENSTE**

**Posvereistes:** Graad 12 · Diploma / Sertifikaat in Wetstoepassing · Kode B bestuurslisensie · Basiese Noodhulp Sertifikaat · Bevoegdheid in ten minste twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa – Lees, skryf en Praat) · Goeie menseverhoudinge, kommunikasie en interpersoonlike vaardigehede · Konflikhanterings vaardigehede · Moet fisies en liggaanlik fiks wees · Moet oortyd/skofte/bystandspligte werk wanneer nodig · Moet take verrig in enige area van die munisipaliteit indien nodig · Een (1) jaar relevante ervaring.

**Sleutel prestasie areas**: Voer aktiwiteite/take uit wat verband hou met die handhawing van wet, orde, veiligheid en sekuriteit deur die toepassing van neergelegde polisiëring-, beskerming- en rampbestuursprosedures · Hantering van prosesse wat daarop gemik is om die nakoming van wetgewing, munisipale verordeninge en regulasies te verseker om enige aksie of situasie wat die veiligheid bedreig, word geïdentifiseer en onmiddellik aandag gegee · Monitor die munisipale gebied en let op spesifieke veiligheidsbedrywighede en handel oor situasies/gedrag wat as onvanpas of nie-nakomend beskou word · Verseker munisipale verordeninge, toepaslike wetgewing (onwettige hurk, waterbeperking, beheer openbare hindernisse, aanhou van diere, informele handel, advertensieregulasies, ens.), voorwaardelike goedkeurings, padverkeer en veiligheidsregulasies · Koördineer spesifieke aktiwiteite wat verband hou met die beheer van verkeersvloei en openbare veiligheid · Onderneem spesifieke aktiwiteite tydens rampe/noodgevalle en/ of identifiseer moontlike risiko's en gevare en kommunikeer moontilike risiko situasies · Verrig spesifieke verslae, statutêre dokumentasie en registreer en voer spesiale take uit deur · Hanteer die toepassing van spesifieke instandhoudingsvolgorde ten opsigte van toerusting en voertuig · Verrig aktiwiteite wat verband hou om dienslewering in die algemeen te verbeter · Enige ander verwante spesifieke pligte soos versoek aan die toesighouer.

| | |
|---|---|
| **Salaris:** | R 212 532.00 per jaar (T09 van 'n Kategorie 3 Plaaslike Owerheid) |
| **Diensaanvaarding:** | 01 Maart 2022 of so spoedig moontlik |
| **Navrae:** | Mnr. C Cornelissen by (022) 913 6000 |

**ALGEMEEN:**

1. 'n Diensbonus gelykstaande aan een maand se salaris is, waar van toepassing, sal betaalbaar wees en word aangevul deur die normale voordele van toepassing op die Munisipaliteit, insluitend 'n behuisingstoelae vir huiseienaars, onderhewig aan sekere voorwaardes.
2. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
3. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
4. Alle aanstellings is onderworpe aan 'n polisieklaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
5. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie vergesel van die dokumentasie hieronder genoem nie, sal nie oorweeg word nie.
6. Slegs aansoekers op die kortlys vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne 6 weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat hul aansoek onsuksesvol was.
7. Gunswerwing by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
8. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
9. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsverklaring en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop en waar van toepassing, 'n vaktoets af te lê.
10. Die munisipaliteit eerbiedig die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Met die inhandiging van u informasie en aansoek bevestig u dat die inligting wat u aan ons verskaf korrek is en 'n ware weergawe van u onlangse inligting.
11. Voorkeur sal verleen word aan interne en plaaslike kandidate binne Bergrivier Munisipale area.

'n Dekbrief met vermelding van ten minste twee kontakbare verwysings (lynbestuurders, ondergeskiktes of eweknieë), vergesel van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by www.bergmun.org.za),'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie **(slegs een pos per aansoekvorm)** moet by die **Munisipale Kantore, Piketberg ingedien word of kan gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 vir die aandag van Me W Terry Thomas (Menslike Hulpbronbeampte: Voorsiening en Administraste)** om haar te bereik teen nie later nie as die sluitingsdatum.

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE POS SAL AANVAAR WORD NIE.**

**SLUITINGSDATUM : VRYDAG, 28 JANUARIE 2022 OM 15:00**

**ADV. H LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**KERKSTRAAT 13**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**MK 299/2021**